Weekbrief 05/2019

8 Februarie 2019

GESTIG 1870

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

INTER-ATLETIEK – PORTERVILLE wys wie's die bobaas atlete

Vanjaar het HSP die kroon behou



… welgedaan BULLE!

HSP Atletiek in al sy glorie!

Die atlete van al vier deelnemende skole het pragtig presteer te midde van 'n uiters vol en veeleisende kwartaalprogram tot op hede en die hitte. Die aangename atmosfeer waarin die middag plaasgevind het, was aansteeklik. Die spontane sang op die paviljoen het die feestelikheid van die byeenkoms gekomplementeer. Die byeenkoms gaan net van krag tot krag. Dank is verskuldig aan almal wat hard gewerk het om die dag te laat gebeur. Welgedaan HSP kinders, ouers en personeel. Dankie HS en LS Dirkie Uys, HS Hopefield en HS Piketberg wat in hul massas Porterville toe opgetrek het.

PUNTESTAND:

HSP **746**; HSH **735**; PHS **670**; LS & HS DU **648**

Februarie/Maart Toetsreeks

Die leerders (gr 7-12) begin vanaf Maandag, 25 Februarie 2019 met die Februarie/Maart Toetsreeks.

In die 1e week sal van Maandag tot Donderdag toetse geskryf word, die 2e week vanaf Maandag tot Woensdag en die 3e week op Dinsdag en Woensdag.

Geen Saalbyeenkoms en Algemene Kennis sal plaasvind tydens die toetsreeks nie, behalwe Maandag 11 Maart. Religie sal nie voortgaan gedurende die toetsreeks nie.

Die kwartaal word afgesluit op Vrydag, 15 Maart met die laaste saalbyeenkoms.

Geen huiswerk of take mag vir die middag voor 'n toetsdag gegee word om tuis te doen nie.

Ons herinner u daaraan dat u kind geen SBA toets of aktiwiteit mag mis sonder die korrekte kanale gevolg en dokumentasie ingehandig nie. Die beleid is beskikbaar aan elke ouer by die kantoor sodat u uself kan vergewis van die implikasies van afwesigheid. Ons maak staat op ons ouers se samewerking.
Die leerders sal voor of op 15 Februarie hul Toetsroosters ontvang.

Porterville atletiek

Inter-Atletiekbyeenkoms 5 Februarie 2019

Deelnemende skole: **Dirkie Uys, Hopefield, Piketberg en Porterville**

Tydens die byeenkoms het 143 Porterville atlete deelgeneem. Hulle het die skool se naam hoog gehou. Baie dankie aan al die atlete wat tydens die byeenkoms hul beste gelewer het en goeie sportmangees geopenbaar het.

Dankie vir die GROOT aantal atlete wat deelgeneem het. Die MASSA deelname het vir ons sukses gebring.

Geluk aan al die atlete wat hul persoonlike beste prestasies behaal het, asook die wat rekords verbeter het.

Tydens die byeenkoms is daar 27 rekords verbeter. 5 is deur Porterville atlete verbeter.

REKORDS VERBETER		
Baie geluk aan die volgende leerders wat rekords verbeter het.		
Do/11	Miané Erasmus	80m
So/11	Heinrich Redelinghuys	Hoogspring
So/13	Juan Liebenberg	Gewigstoot
		Diskusgooi
Do/17	Francesca Olivier	Spiesgooi

Aan die einde van die byeenkoms is Porterville as die **Wenskool** aangekondig.

Ons as skool kon dit net bereik omdat elkeen deelgeneem en sy of haar beste gelewer het.

BULLE BO!